

P.J. Coetzee

DIE 'GODVRAAGSTUK'

ENKELE FLITSE

Op 9 November 1965 het 'n "doodberig" in 'n Amerikaanse tydskrif te Atlanta, Georgia, verskyn. Onder andere word gemeld: "God, creator of the universe, principal deity of the world's Jews, ultimate reality of Christians, and most eminent of all divinities, died late yesterday during major surgery undertaken to correct a massive diminishing influence. Reaction from the world's great and from the man in the street was uniformly incredulous From Independence former president Harry S. Truman received the news in his Kansas City barbershop, and said, 'I'm always sorry to hear somebody is dead. It's a damn shame'

Sedert die verskyning van hierdie berig het nog meer dolksteke na die hartaar van die teologie, te wete die kennis aangaande God, gegaan. Heribert Mühlen, Roomse dogmatikus in Wes-Duitsland, verklaar dat die vraag na God tans in 'n krisis verkeer wat met die vroegkerklike krisis rondom die Christologie en die Triniteitsleer vergelyk kan word¹).

Dit is 'n ernstige vraag of daar in so 'n tydsklimaat nog ruimte vir die bestaan van God oorbly. Dorothee Sölle vertolk wat in die gedagtes ook van "teoloë" omgaan as sy ronduit te kenne gee dat ons vandag deur ons tegnologiese kennis en wetenskaplike middele beter vir die lydende mensdom sorg as wat God dit voorheen gedoen het. God is nie meer nodig nie. Hy het die een funksie na die ander ingeboet, totdat ons nou die stadium bereik het waar Hy uit ons belangstellingsveld verdwyn, omdat ons tans byna alles self kan doen waarvoor ons Hom altyd nodig gehad het.

Post-Barthiaanse teologie

H. Zahrnt verwyt Karl Barth dat sy denke te veel met "Geschichtlosigkeit" gevul is en dat Barth, terwyl hy ons met sy "trinitariese spekulasies" in die hemel verhef, die aardbodem onder ons voete uitruk². Barth se nadruk op God se verborgenheid het 'n kettingreaksie van verborgenheid na afwesigheid, van afwesigheid na dood aan die gang gesit³. Inderdaad het die radikale objektivisme van Bart as reaksie op onder andere Schleiermacher se

subjektivisme en die radikaal antihumanistiese implikasies van sy teologie sterk reaksionêre gevolge meegebring. Sy vertikalisme kan as die dryfkrag agter die reaksionêre horisontalisme van ons tyd beskou word. Barth is in hierdie opsig 'n navolger van Kierkegaard daarin dat hy die klem op die oneindige kwalitatiewe verskil tussen God en mens laat val. God is die "ganz Andere" ten opsigte van hierdie wêreld. Die verhouding van God tot die wêreld is 'n verhouding van oneindige spanning. Daar is 'n teenstelling tussen God en die wêreld, God en die mens. Dit is die grondopset van sy dialektiese teologie, die teologie van die teenstelling. By die mens is daar geen enkele aanknopingspunt vir God se openbaring nie; ons kan God uit die algemene openbaring in skepping en geskiedenis en in die gewete (Rom. 1:19, 20; 2:14) glad nie leer ken nie. Teenoor Schleiermacher, wat God met die innerlike besef van die religieuse mens vereenselwig, bely Barth God se alle tydelikheid en alle aardse werklikheid te bowe gaande opperhoogheid en onvergelyklike majesteit. Deur die geweldige teenstelling tussen ewigheid en tyd, God se wêreld en ons wêreld, kom al die geskapene onder die oordeel en die krisis.

Uit die dissipelkring van Karl Barth het teoloë voortgekom wat hulle met die sogenaamde Godvraagstuk besig hou. In Europa is die aksent van Barth na Bultmann verplaas, terwyl in die VSA Paul Tillich die teologiese diskussie lank beheers het. Bonhoeffer se uitspraak met betrekking tot die nadering van 'n religieuse tydperk waarin slegs nog 'n volledig "gesekulariseerde" Christendom gehoor en aanhang sal vind, het ver en wyd weerklank gehad.

Die post-Barthiaanse teologie word aangedui as die "nuwere teologie", die horisontalisme, die neo-modernisme, die futurologie, teologie van die revolusie, teologie van bevryding, eksistensieteologie ens.⁴ Onder hulle is daar die Bultmanngroep (sterk antimetafisies ingestel); die Westelike groep (Robinson, Van Buren, Altizer, Hamilton, Winter, Cox, D. Sölle e.a.), wat die evangelie op gesekulariseerde wyse interpreteer met dieselfde antimetafisiese inslag as die Bultmanngroep en wat sterker as laasgenoemde sosiaal-eties georiënteer is. 'n Ander groepering is dié van 'n Duitse (Bultmann, Fuchs, Ebeling, Braun, D. Sölle e.a.) en 'n Engel-Saksiese (Van Buren, Altizer, Hamilton, Robinson e.a.). In die agenda van die teologiese diskussie is die bestaan van God die vernaamste punt. "Es geht heute nicht um dies oder das am christlichen Glauben, nicht um Einzelnes, um Jungfrauen-geburt, Gottessohnschaft oder Himmelfahrt, sondern es geht um das Ganze, um die Hauptsache – um die Sache mit Gott."⁵ J.C. Murray stel dit so: "Die Formulierung "das Gottesproblem" ist entschcieden modern"⁶

“Goddelike ontbinding”

Op die vraag wat daar met God gebeur het, kom die antwoord: “Met die God van die konvensionele Christendom het in ons twintigste eeu dieselfde gebeur as met die gode en godinne van die toenmaals konvensionele Grieks-Romeinse godsdiens in die vierde eeu. Soos destyds die nie-christelike volke die onvoorsiene dood beleef het van hulle gode en godinne, so belewe die Christelike volke in ons tyd die onvoorsiene dood van God; onvoorsien, behalwe deur enkele visionêre digters en filosowe in die vorige eeu”.⁷ Een van die filosowe, te wete Friedrich Nietzsche, sien die Godloosheid, die breuk met Christus, nie, soos van sy tydgenote, as ’n geluk of as iets wat vanself spreek nie, maar as ’n bloeiende wond wat nie genees nie, as ’n groot gaping wat nie gevul word nie. Hy ly sy lewe lank daaraan. In 1882 laat Nietzsche in *Die fröhliche Wissenschaft* die dood van God deur ’n waansinnige aankondig: “Ruik ons nog niks van die goddelike ontbinding nie? Ook gode gaan tot ontbinding oor! God is dood! God bly dood! En ons het Hom doodgemaak! Wat is die kerke anders as die grafte en graftekens van God?” D. Sölle se kontensie is dat die maatskappy met sy rasionaliteit en tegniek die belangrike funksies van die vroeëre God oorgeneem het. Sartre skrywe dat die sagte dood van God ten gevolge van die natuurwetenskaplike wêreldbeeld plaasgevind het.⁸ Dit het al meer ’n gereduseerde God geword, ’n God wat die steeds krimpente leemtes in die natuurwetenskaplike ontwikkeling vul, gepaardgaande met die gevaarlike skisofrenie dat te midde van die reeds gevulde gapinge deur die wetenskap God vergeet kan word, terwyl wat die godsdiens betref, die wetenskap buite die gesigsveld gestel word.

’n Nuwe messianisme

Die doodsheid van die Christendom is besig om, net soos by Hegel in die agtiende en by Nietzsche in die negentiende eeu ’n felle reaksie uit te lok waarin die lamheid van die Christene as ’n verwyte *na God* geslinger word. Joseph Fletcher, Episkopaalse Teologiese Skool, VSA, lê as aanklag teen die Christendom “a reluctance or even refusal to be confronted with new problems and new situations”. Die verskynsel van “immobility” en “ineffectiveness” laat die behoefte ontstaan aan ’n lewende, dinamiese God, ’n werkende, aktivistiese, meewerkende God. Hulle wil God veel meer met die geskiedenis van wêreld en mensheid verbind.⁹

Die lig van die openbaring

Die vervalsinge en eensydighede wat 'n rol by die hantering van die sogenaamde Godvraagstuk speel, kan alleen vermy word indien ons na die suiwere lig van die Godsopenbaring vra. Die Heilige Skrif leer ons dat God by die hier en nou van ons bestaan betrokke is. ons mag Hom nie vir die grenssituasies van ons lewe wil reserveer nie. Die konkrete mens het in sy onherhaalbare situasie met God te doen (*coram Deo* – Calvyn).

Die remedie is nie geleë in die resep van Lenin wat ook uit die afvallige Westerse denkwêreld voortgekóm het, dat naamlik “die mite van God” uit die gedagtes van die mensheid uitgeban moet word nie. Die perspektiewe moet eerder deur die oop venster van die openbaring van die ware God van hemel en aarde helder bly, terwyl ons ons daarna uitstrek om in volle ontsluiting die vryheid van die kinders van God te smaak in die genadevoorreg om in ewigheid God se roem te verkondig: “Wir warten nicht nur auf unsere endgültige persönliche Erlösung, sondern auch auf die Erlösung der Menschheit und des ganzen Universums, bzw. des Kosmos. Bei Paulus sind ja auch anthropologische und kosmologische Deutung miteinander verbunden” (H. Wenz).¹⁰

VERWYSINGS

1. *Theologia evangelica*, Maart 1972, p. 117.
2. ZHRNT, H. 1967. Die Sache mit Gott. München, Piper. p. 134, 141.
3. VAN WYK, J.H. s.j. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig. Ongepubliseerde proefskrif, PU vir CHO, p. 100.
4. BERKOUWER, G.C. e.a. 1968. Revolte in de Theologie. Nijkerk, Callenbach. p. 19.
5. ZHRNT, H. a.w. p. 10.
6. MURRAY, J.C. 1965. Das Gottesproblem gestern und heute. Freiburg. p. 8.

VAN DER POL, W.H. 1967. *Op weg naar een verantwoord Godsgeloof*. Roermond-Maaseik, p. 8.

8. VAN NIFTRIK, G.C. 1953. De boodschap van Sartre. Nijkerk, Callenbach. p. 25.

9. Van Niftek, G.C. 1972. Universele en individuele eschatologie. *Kerk en theologie*, 3 Julie 1972, p. 14.

10. H. Wenz aangehaal deur Van Niftrik, G.C. 1972. Universele en individuele eschatologie. *Kerk en theologie*, 3 Julie 1972, p. 16.
